LEX LIBERTAS

# LEX LIBERTAS BESIGHEIDSPLAN

Die bevordering en verwesenliking van ’n lewensvatbare politieke orde vir die gemeenskappe van Suid-Afrika

September 2025

*My personal feeling is that the Afrikaner nation is confronted with a most difficult and at the same time most important spiritual task, which it is bound to undertake, without having any choice of refusing. It seems to me that, in South Africa, you are faced already with a situation that very soon is going to be the common situation of the whole world as a result of "the annihilation of distance" through the progress of our Western technology... There will never again be room in the world for the different fractions of mankind to retire into isolation from one another again. Now, in South Africa, the accident of history has put the native, coloured and white people of the country into this difficult situation at an early date: so history - or God - has given you the honourable mission of being the spiritual pioneers in trying to find the solution of a spiritual problem that is soon going to face the rest of the human race as well.*

**- Arnold Toynbee (1952)**

*In this world, the optimists have it, not because they are always right, but because they are positive. Even when wrong, they are positive, and that is the way of achievement, correction, improvement, and success. Educated, eyes-open optimism pays; pessimism can only offer the empty consolation of being right. The one lesson that emerges is the need to keep trying. No miracles. No perfection. No millennium. No apocalypse. We must cultivate a skeptical faith, avoid dogma, listen and watch well, try to clarify and define ends, the better to choose means.*

**- David Landes (1998)**

*It is not the critic who counts: not the man who points out how the strong man stumbles or where the doer of deeds could have done better. The credit belongs to the man who is actually in the arena, whose face is marred by dust and sweat and blood, who strives valiantly, who errs and comes up short again and again, because there is no effort without error or shortcoming, but who knows the great enthusiasms, the great devotions, who spends himself in a worthy cause; who, at the best, knows, in the end, the triumph of high achievement, and who, at the worst, if he fails, at least he fails while daring greatly, so that his place shall never be with those cold and timid souls who knew neither victory nor defeat.*

**- Theodore Roosevelt (1910)**

# Table of Contents #


| | | |
|---|---|---|
| 01 | Inleiding | 4 |
| 02 | Ons naam | 5 |
| 03 | Visiestelling | 5 |
| 04 | Missiestelling | 5 |
| 05 | Ons embleem | 6 |
| 06 | Grondslag | 7 |
| 07 | Strategiese doelwitte | 8 |
| 08 | Kernwaardes | 8 |
| 09 | ’n Veranderende wêreld | 10 |
| 10 | Ons grootste korttermyntaak | 10 |
| 11 | Kernfokus | 12 |
| 12 | Ons aandryfwiel | 13 |
| 13 | Struktuur | 15 |
| 14 | Finansiële strategie | 16 |
| 15 | Samevatting | 16 |

# 01 INLEIDING

Lex Libertas is op 7 Maart 2025 van stapel gestuur. Aanvanklik het die instelling onder die voorlopige naam die Pionier-inisiatief gefunksioneer. Die uitgangspunt van die Pionier-inisiatief se aankondiging was eenvoudig: die feit dat die Suid-Afrikaanse skip in die verkeerde rigting vaar, het minder belangrik geword as die feit dat die skip besig is om te sink.

Wanneer ons sê dat die skip in die verkeerde rigting vaar, verwys ons na die destruktiewe beleidsidees waaronder die land gebuk gaan. Wanneer ons sê dat die skip besig is om te sink, bedoel ons dat die politieke orde besig is om in te stort. Daarom het die Pionier-inisiatief aangevoer dat daar nie slegs na mikropolitieke oplossings gekyk moet word nie, maar veral na makropolitieke oplossings.

- **Mikropolitieke oplossings** verwys na beleidsaanpassings en aksies binne die raamwerk van die bestaande politieke bedeling.
- **Makropolitieke oplossings** impliseer dat die politieke bedeling self hervorm moet word.

Die sentrale argument van die Pionier-inisiatief was dat sodanige makropolitieke verandering op twee beginsels geskoei moet word: die desentralisering van die politieke orde en die bevordering van outonomie (of selfregering) vir die gemeenskappe wat in Suid-Afrika woon.

Na aanleiding van insette van die aanvanklike bydraers, is die instelling op 15 Mei 2025 in 'n meer finale vorm bekendgestel. Op dié dag is aangekondig dat die Pionier-inisiatief voortaan as Lex Libertas bekend sou staan. Die visie en missie wat in hierdie besigheidsplan uiteengesit word, is op daardie dag amptelik aangekondig.

Lex Libertas funksioneer as 'n kombinasie van 'n ideesentrum en 'n voorspraakgroep. Hoewel die werk van Lex Libertas in die breë sin polities van aard is, word die planne en vooruitsigte in hierdie dokument in die formaat van 'n besigheidsplan uiteengesit. Dit sluit onder meer 'n visie- en missiestelling, kernfokus, struktuur en praktiese inslag in. Waar 'n tradisionele besigheidsplan dikwels marknavorsing bevat, word hier eerder opmerkings ingesluit oor die veranderende wêreld waarbinne Lex Libertas funksioneer.

Die doel van hierdie plan is om die leser 'n duidelike oorsig te bied van die aard, vertrekpunte en strategiese doelwitte van die instelling, maar selfs belangriker, om te verduidelik hóé Lex Libertas van voorneme is om hierdie doelwitte te bereik.

Dit is belangrik om te beklemtoon dat 'n besigheidsplan nie 'n statiese dokument is nie. Dit behoort met verloop van tyd aangepas te word op grond van veranderende omstandighede. Hierdie dokument is veral relevant tydens die vestigingsfase van Lex Libertas.

---

1 Ideesentrum is ons voorkeur Afrikaanse vertaling van die Engelse woord, think tank.
2 In Engels: Advocacy group.

3 Wanneer ons sê dat die werk van Lex Libertas in die breë sin van die woord polities van aard is, bedoel ons daarmee dat Lex Libertas daarop gemik is om antwoorde op politieke vraagstukke te bied, sonder om hom aan 'n bepaalde politieke party te verbind. Lex Libertas beskou partypolitiek as politiek in die eng sin van die woord, terwyl die hantering van makropolitieke vraagstukke as politiek in die breë sin van die woord beskryf kan word.

Hierdie vestigingsfase sal afgehandel wees wanneer twee oorhoofse, maar tog meetbare doelwitte bereik is:

- **Interne fokus:** Dat Lex Libertas finansieel selfstandig funksioneer. Vir hierdie doel is dit nodig dat meer as 4 000 mense maandeliks tot die werk van Lex Libertas bydra; en

- **Eksterne fokus:** Dat die argument vir desentralisering van die politieke orde om selfregering moontlik te maak gelegitimeer moet word deur dit op 'n meetbare wyse deel van die hoofstroomgesprek te maak.

Verskeie ander meetbare doelwitte kan aan hierdie plan verbind word, maar dit sal gestruktureer word om die bogenoemde kerndoelwitte te versterk.

## 02 ONS NAAM

Die naam Lex Libertas is saamgestel uit die Latynse woorde vir wet (lex) en vryheid (libertas). In die klassieke tradisie verwys lex nie bloot na wette as geskrewe dokumente, soos ons dit vandag ken nie, maar na die blywende beginsels van geregtigheid en orde wat die grondslag van 'n konstitusionele raamwerk vorm. Libertas dui op die toestand van vryheid - nie net persoonlike vryheid nie, maar ook die kollektiewe vryheid van volke en gemeenskappe om volgens hul eie wette en gebruike te leef.

As naam verwoord Lex Libertas sowel die instelling se grondbeginsel (dit wat ons daagliks bevorder) as sy uiteindelike doelwit (die bestemming wat ons op die lang termyn nastreef): die strewe na vryheid deur 'n regverdige konstitusionele orde. Dit bevestig die uitgangspunt dat 'n beter politieke bestel slegs deur sistemiese hervorming opgebou kan word - met die oog op 'n konstitusionele bedeling waarin uiteenlopende gemeenskappe hulself vry, regverdig en vreedsaam kan regeer.

## 03 VISIESTELLING

Lex Libertas se visie is 'n lewensvatbare politieke orde vir die gemeenskappe van Suid-Afrika.

## 04 MISSIESTELLING


Lex Libertas werk om 'n lewensvatbare politieke orde vir die gemeenskappe van Suid-Afrika te bevorder. Hierdie doelwit word nagestreef deur idees en argumente voortdurend en deur middel van deeglike navorsing en beproefde beginsels te versterk; plaaslik en internasionaal steun op te bou; en deur strategiese en doelgerigte optrede die bestaande politieke bestel betekenisvol en konstruktief te hervorm.

Die missie vorm dus 'n voortdurende en selfversterkende siklus wat "dink", "praat" en "doen" insluit. Dit kan ook as 'n driehoek uitgebeeld kan word:

---

4 Die woord "konstitusioneel" word gebruik eerder as "grondwetlik" om potensiële verwarring te voorkom. Die term "grondwetlike raamwerk" kan vertolk word as 'n verwysing na die raamwerk wat deur die teks van die Suid-Afrikaanse Grondwet geskep word. Die woord konstitusioneel spruit uit die Latynse woord constitutio, wat na die reëling of ordening van die gemeenskap verwys. Dit dui dus op die manier waarop die samelewing in werklikheid gestruktureer is, eerder as op die manier waarop die Grondwet bepaal dat die samelewing gestruktureer behoort te wees..

## MISSIESTELLING




# 05 ONS EMBLEEM

Die embleem van Lex Libertas bestaan uit twee simbole: 'n fakkel met 'n vlam, bo-oor 'n kompas wat na die suide wys.

Die fakkel simboliseer die tradisie wat deur vorige geslagte oorgedra is - 'n nalatenskap van wysheid, stryd, en beginselvaste leiding. Dit verteenwoordig ook die soort leierskap wat nodig is om deur tye van onsekerheid en krisis te

Die vlam van die fakkel is 'n beeld van die strewe na vryheid - om lig te bring waar daar duisternis is, en om rigting te gee waar daar verwarring is.

Die kompas staan vir koersvastheid, oriëntasie en volharding. Dit wys na die suide - omdat Lex Libertas se missie fokus op die herstel van vryheid, geregtigheid en verantwoordelike regering aan die suidpunt van die Afrika-kontinent.

Die kombinasie van die fakkel en die kompas kommunikeer duidelik wat Lex Libertas verteenwoordig: 'n instelling gewortel in die wysheid van die verlede, gemotiveer deur 'n liefde vir vryheid, en gelei deur 'n vaste koers na 'n meer volhoubare toekoms.

# 06 GRONDSLAG

Lex Libertas se grondslag berus op vier vertrekpunte:

1. **Christelik:**
   Die instelling is in die eerste plek Christelik geanker. Dit beteken dat al sy doen en late vanuit ’n Christelike perspektief benader word.

2. **Westerse tradisie:**
   In die tweede plek is Lex Libertas gegrond in die Westerse tradisie. Dit impliseer ’n verbintenis om die Westerse teenwoordigheid in die suidelike deel van Afrika te beskerm. Dit beteken egter nie dat van nie-Westerse gemeenskappe verwag word om Westers te word nie. Die uitgangspunt is eerder dat die Westerse tradisie in Afrika beskerm moet word, terwyl samewerking met nie-Westerse gemeenskappe bevorder word.

3. **Afrikaner-vertrekpunt:**
   In die derde plek het Lex Libertas ’n Afrikaner-vertrekpunt. Die instelling is vanuit die Afrikanergemeenskap van stapel gestuur en voorsien ’n toekoms waarin Afrikaners vry en volhoubaar in Suid-Afrika kan voortbestaan. Daarom is die primêre funksioneringstaal ook Afrikaans. Dit beteken egter nie dat slegs Afrikaners betrokke kan raak of dat kommunikasie uitsluitlik in Afrikaans geskied nie. Net so beteken dit nie dat ’n Afrikaner-toekoms nagestreef word ten koste van ander gemeenskappe nie. Inteendeel, die vertrekpunt is dat ’n politieke bestel bevorder moet word waarin verskeie gemeenskappe in Suid-Afrika groter vlakke van vryheid en outonomie kan geniet.

4. **Suid-Afrikaanse konteks:**
   In die vierde plek is Lex Libertas verbind tot oplossings vir Suid-Afrika. Hierdie verwysing na Suid-Afrika beteken nie noodwendig die huidige politieke bestel nie, maar wel die geografiese streek. Daar moet dus onderskei word tussen Suid-Afrika as ’n politieke bedeling en Suid-Afrika as ’n grondgebied. Die doel is om ’n meer volhoubare bedeling in hierdie streek te bevorder - wat noodwendig verandering aan die huidige politieke orde impliseer.

LEX LIBERTAS

## 07 STRATEGIESE DOELWITTE

Teen die agtergrond van die visie- en missiestelling word die volgende strategiese doelwitte vir Lex Libertas uiteengesit:

1. **Versterking van idees en argumente:**
   Deeglike navorsing en die toepassing van beproefde beginsels moet voortdurend idees en argumente verdiep en verfyn om 'n lewensvatbare politieke bestel te bevorder.

2. **Werwing van plaaslike steun:**
   Steun moet onder die verskillende gemeenskappe van Suid-Afrika gewerf word vir die idee dat die land 'n meer lewensvatbare politieke bestel benodig, asook vir die aksies wat geneem word om dit te verwesenlik.

3. **Omskakeling van idees in aksie:**
   Idees en argumente, sowel as die steun wat gewerf is, moet in sinvolle optrede omskep word om 'n lewensvatbare politieke bestel in Suid-Afrika te bevorder.

4. **Publieke deelname:**
   Bydraers tot Lex Libertas moet nie net passiewe ondersteuners wees nie, maar aktief inskakel om die werk van die instelling te versterk.

5. **Werwing van buitelandse steun:**
   Ook in die buiteland moet steun gewerf word vir die idee dat konstitusionele hervorming in Suid-Afrika nodig is om 'n meer lewensvatbare politieke bestel tot stand te bring.

6. **Mobilisering van die diaspora:**
   Burgers van Suid-Afrika wat die land verlaat het, moet geaktiveer word om daar waar hulle woon, betrokke te raak en 'n bydrae te lewer tot die bevordering van die strategiese doelwitte van Lex Libertas.

7. **Omskakeling van plaaslike en buitelandse steun in druk:**
   Die steun van plaaslike en buitelandse instellings en regerings moet nie net simbolies wees nie, maar omskep word in daadwerklike druk ten gunste van 'n meer lewensvatbare politieke bestel in Suid-Afrika.

8. **Skep van de facto-werklikhede:**
   Lex Libertas moet bydra om in Suid-Afrika de facto-werklikhede te vestig waardeur gemeenskappe self verantwoordelikheid vir hul sake aanvaar, eerder as om van die staat afhanklik te wees. Dit kan gedoen word deur nuwe inisiatiewe of deur die werk van bestaande instellings te ondersteun.

9. **Organisasie doeltreffendheid:**
   Die instelling moet vernuwend en doeltreffend bestuur word, veral ten opsigte van personeel, hulpbronne en stelsels.

## 08 KERNWAARDES

Die sewe kernwaardes van **Lex Libertas** word saamgevat in die akroniem **VESTING**. Elke letter verteenwoordig 'n sleutelbegrip waarop die instelling se identiteit en optrede berus. Die Latynse terme word gebruik om die waardes saam te vat:

# VESTING

**Veritas (Waarheid)**
Lex Libertas is gegrond op die beginsel van waarheid. Dit beteken die vreeslose aanspreek van onderdrukking, die verwerping van leuens en bedrieglikheid, en die strewe om lig in duisternis te bring. Die instelling werk om die werklikheid van Suid-Afrika se krisis eerlik te ontbloot, en gee ’n stem aan slagoffers van wanorde en onreg.

**Excelsior (Uitnemendheid)**
Die Latyse term, excelsior kan na Afrikaans vertaal word as ‘altyd hoër’. Hierdie waarde spreek tot die morele verantwoordelikheid om opwaarts te streef ondanks teëspoed. Dit behels ook dat alles wat die instelling doen op uitnemende wyse uitgevoer moet word.

**Societas (Gemeenskap)**
Die kernfilosofie van Lex Libertas is dat mense en gemeenskappe in vryheid en waardigheid moet kan floreer. Dit behels in die eerste plek dat die bestaan van gemeenskappe erken en gerespekteer word. Vryheid word nie slegs as ’n individuele reg beskou nie, maar as die regmatige strewe van gemeenskappe, volke en nasies. Lex Libertas gaan uit van die vertrekpunt dat geen individu werklik vry kan wees as sy gemeenskap nie vry is nie, en omgekeerd. Daarom werk Lex Libertas aan ’n toekoms waarin gemeenskappe self beskik, verantwoordelikheid neem en mekaar met respek en samewerking tegemoetgaan.

**Traditio (Tradisie)**
Lex Libertas is gewortel in die wysheid van die Westerse tradisie, sonder om bloot terug te verlang na die verlede. Die instelling beskou tradisie as die draer van waarhede en beginsels wat oor die eeue heen getoets is en wat vernuwend en verantwoordelik in die hede toegepas kan word. Die fakkel in die embleem verteenwoordig juis hierdie oorgedraagde erfenis.

**Integritas (Integriteit)**
Integriteit impliseer eerlike en beginselvaste optrede, dat die organisasie doen wat dit sê en ook sê wat dit doen. Daarom is die instelling op die beginsels van deursigtigheid en eerlikheid geskoei. Integriteit behels ook om nie net teen korrupsie standpunt in te neem nie, maar om ook ’n regverdige, volhoubare grondwetlike orde voor te staan.

**Natura (Werklikheid / Natuurlike Orde)**
Die instelling baseer sy werk nie op ideologiese of utopiese drome nie, maar op oplossings wat geanker is in die werklikheid en wat die natuurlikheid van dinge erken. Hierdie natuurlikheid sluit in dat mense van nature hulleself in gemeenskapsverband organiseer en dat politieke oplossings dus op die erkenning van gemeenskapsdinamika geskoei moet word. Lex Libertas glo dat ware hervorming eers moontlik is wanneer die werklikheid eerlik onder oë gesien word. Dit vereis ’n skeptiese ingesteldheid teenoor ideologiese voorskrifte en ’n benadering wat daarteenoor op ervaringsgebaseerde navorsing geskoei word.

**Gratia (Dankbaarheid / Roeping)**
Dankbaarheid is ’n kernwaarde van Lex Libertas. Dit behels dankbaarheid vir dit wat ons sonder verdienste ontvang en ook erkenning dat dit wat ons het en doen net genade is. Dit is Lex Libertas vertrekpunt dat dié goed wat ons ontvang (wat kultuur en tradisie insluit) vir die nageslag bewaar moet word.

## 09 'N VERANDERENDE WÊRELD

In Suid-Afrika is daar regoor die spektrum 'n groeiende frustrasie met die staat. Hierdie frustrasie spruit uit die feit dat feitlik alle staatsfunksies aan die verbrokkel is, terwyl rassespanning gelyktydig toeneem. Die leierskapvakuum wat ontstaan, word onder meer weerspieël in die lae kiesersdeelname van die 2024-verkiesing, waartydens slegs 58% van geregistreerde kiesers (ongeveer 40% van stemgeregtigdes) gestem het. Selfs onder kiesers wat wel deelgeneem het, is daar hoë vlakke van frustrasie – nie net met die politieke bestel in die geheel nie, maar selfs met die partye waarvoor hulle stem.

Die leierskapvakuum blyk ook uit die toenemende invloed van rolspelers buite die formele politiek. Aan die positiewe kant sien ons dit in burgerlike samelewingsorganisasies; aan die negatiewe kant in die uitbreiding van georganiseerde misdaad. Soos prof. Koos Malan tereg opmerk, het die Suid-Afrikaanse konstitusie (meer as net die geskrewe grondwet) reeds wesenlik verander sedert 1994, juis omdat die werklikheid self drasties verander het. Intussen het 'n gevoel van moedeloosheid diep wortel geskiet in gemeenskappe, met baie wat glo dat langtermynoplossings buite bereik lê. Die skerp internasionale fokus op Suid-Afrika se krisis – veral uit die VSA onder president Donald Trump – het die spanning verder aangevuur.

In die res van die wêreld neem spanning eweneens toe. Verdelende oorloë in die Midde-Ooste en Oekraïne, sowel as frustrasie in Westerse lande oor immigrasie, politieke vervreemding en polarisasie, versterk middelpuntvlietende kragte. Veral in die Weste raak dit al moeiliker om neutraal te bly of 'n middelgrond te handhaaf. Hieruit groei die oortuiging dat die Westerse tradisie wêreldwyd geteiken word, en dat pro-Westerse groepe mekaar oor grense heen sal moet versterk.

Terselfdertyd styg die invloed van Oos-Asië (veral China) en sekere Midde-Oosterse magte, wat herinner aan wat beskryf word as die Thukidides-val (in Engels: Thucydides Trap). Die Atheense historikus Thukidides het reeds millennia gelede waargeneem dat wanneer 'n opkomende mag 'n gevestigde mag uitdaag, dit dikwels tot konflik of selfs oorlog lei. Tog bring die nuwe "America First"-benadering van president Trump en die sukses van sy beleid die vraag na vore of die Weste werklik in verval is, of of ons nie dalk 'n herontdekking van Westerse selfvertroue beleef nie. Dit is te vroeg vir definitiewe gevolgtrekkings, maar die moontlikheid is daar.

Wat wel duidelik is, is dat spanning binne én buite Suid-Afrika toeneem. Hierdie spanning is nie noodwendig nadelig nie: dit skep geleenthede vir politieke verandering – en dit is presies die kernfokus van Lex Libertas. In Suid-Afrika is die grond ryp om alternatiewe idees oor die politieke bestel op die agenda te plaas; buite Suid-Afrika is die grond ryp om steun vir hierdie idees te werf.

## 10 ONS GROOTSTE KORTTERMYNTAAK

Die grootste taak van Lex Libertas kan verduidelik word aan die hand van Alex Hormozi se waardevergelyking. Hierdie vergelyking is 'n raamwerk om te verstaan hoe kliënte of ondersteuners waarde waarneem.

Die vergelyking beklemtoon dat waarde nie net oor die verlangde uitkoms gaan nie, maar ook oor die mate waarin mense glo dat dit haalbaar is, asook die tyd, moeite en opoffering wat vereis word. Dit kan uitgedruk word as:

$$\text{WAARDE} = \frac{\text{DROOMUITKOMS} \times \text{WAARGENOME WAARSKYNLIKHEID VAN BEREIKING}}{\text{TYDSVERTRAGING} \times \text{POGING EN OPOFFERING}}$$

In die konteks van Lex Libertas se visiestelling kan die elemente van Hormozi se vergelyking soos volg beskryf word:

- **Droomuitkoms:** Die omvang en aantrekkingskrag van die visie as oplossing.
- **Waargenome waarskynlikheid van bereiking:** Die mate waarin mense glo dat die visie haalbaar is.
- **Tydsvertraging:** Hoe lank dit neem om die visie te bereik, en of hierdie tydsraamwerk strook met die publiek se verwagtinge.
- **Poging en opoffering:** Die mate waarin ondersteuning inspanning en opoffering verg.

Opmerkings:

- **Oor die droomuitkoms:** Die droom is groot en dit spreek die verbeelding aan.
- **Oor die waargenome waarskynlikheid van bereiking:** Dit is ’n kernaspek waaraan voortdurend gewerk moet word - ondersteuners moet oortuig word dat die visie werklik haalbaar is.
- **Oor tydsvertraging:** Dit is belangrik dat die publiek verstaan dat die visie nie oornag verwesenlik kan word nie, maar dat dit ’n langtermynproses is eerder as ’n korttermynoplossing.
- **Oor poging en opoffering:** Hier moet dit duidelik gemaak word dat die vlak van opoffering afhang van die aard van ’n persoon se betrokkenheid: personeel wy hul voltyds daaraan, vrywilligers offer ’n deel van hul tyd op, en bydraers in die breë word slegs gevra vir ’n maandelikse bydrae.

**Samevattend kan Lex Libertas se grootste korttermyntaak soos volg gestel word:**

1. Die publiek moet in die eerste plek oortuig word dat die visie prakties haalbaar is: Praktiese stappe wat die haalbaarheid van die visie aantoon en meetbare vordering in die nastreef an die visie moet voortdurend gekommunikeer word.
2. Die publiek moet tweedens verstaan dat Lex Libertas ’n langtermynoplossing nastreef: Dit moet duidelik wees dat daar geen kitsoplossings of silwer koeëls is nie. Die oplossing verg tyd, maar sonder dat ’n gevoel van dringendheid verlore gaan.
3. Derdens moet ondersteuners weet dat slegs beperkte opoffering van hulle verwag word: Die breë publiek word aangemoedig om finansieel by te dra en bydraers kan verder aangemoedig word om as vrywilligers meer betrokke te raak. Die strukture wat hieronder uiteengesit word, is só ontwerp dat elke persoon kan gee en doen volgens sy of haar vermoë en bereidwilligheid.

# 11 KERNFOKUS

Lex Libertas funksioneer as ’n ideesentrum en voorspraakgroep met ’n duidelike kernfokus. Hierdie kernfokus word uiteengesit volgens die krimpvarkie-konsep (hedgehog concept) van Jim Collins. Hierdie raamwerk identifiseer die samevloei van drie sleutelkomponente wat bepaal wat ’n organisasie uniek, doeltreffend en volhoubaar maak:

1. **Waaroor is Lex Libertas passievol?**
   - Lex Libertas is gedrewe deur ’n passie vir vryheid, outonomie en ’n lewensvatbare politieke orde vir die gemeenskappe van Suid-Afrika.
2. **Waarin kan Lex Libertas die beste wees?**
   - Lex Libertas kan die beste wees in die uitvoering van die selfversterkende driehoek wat in die missiestelling uiteengesit is, naamlik:
     - Deeglike navorsing en kreatiewe denke om realistiese, volhoubare oplossings vir ’n nuwe politieke bestel te ontwikkel;
     - Doeltreffende openbare kommunikasie en voorspraak, wat idees omskep in verstaanbare en oortuigende taal, en steun vir hierdie idees werf; en
     - Die mobilisering van mense tot sinvolle aksie om hierdie idees te bevorder en Lex Libertas se strategiese doelwitte te verwesenlik.
3. **Wat dryf Lex Libertas se ekonomiese en operasionele model?**
   - Lex Libertas bou sy finansiële volhoubaarheid op die volgende pilare:
     - **Bydraers en donateurs:** Die organisasie is afhanklik van finansiële steun van binne en buite Suid-Afrika. Mense word aangemoedig om as gereelde bydraers (maandeliks of jaarliks) aan te sluit, of eenmalige skenkings te maak.
     - **Diversifisering van inkomste:** Hoewel die kern van die strategie op bydraers en donateurs steun, kan verdere inkomstestrome opgebou word deur middel van sosiale media-monetisering en navorsingsdienste aan ander instellings.

**Teen hierdie agtergrond kan die kernfokus van Lex Libertas soos volg uiteengesit word:**



# 12 ONS AANDRYFWIEL

Teen die agtergrond van die strategiese doelwitte en kernfokus gebruik Lex Libertas die beeld van ’n aandryfwiel (ook bekend as die vliegwiel) om sy strategiese benadering te verduidelik. Die aandryfwiel bestaan uit vyf onderling gekoppelde aksies wat individueel dalk gering mag lyk, maar wat saam ’n kragtige, volhoubare momentum skep in die rigting van Lex Libertas se einddoel.

1. **Die bied van praktiese oplossings en strategieë gegrond in navorsing en beproefde beginsels**

   Dit behels beleidsidees en oplossings wat in die werklikheid werk, nie net in teorie of ideologie nie. Hierdie navorsing word op drie vlakke gedoen, naamlik:

   - Navorsing oor die situasie onder die bestaande bedeling in Suid-Afrika
   - Navorsing oor die opsies vir ’n meer lewensvatbare politieke orde vir Suid-Afrika
   - Navorsing oor wat gedoen moet word om van die bestaande orde na ’n meer lewensvatbare orde te beweeg

   **Voorbeelde:**

   Gevallestudies oor modelle van outonomie en hul toepaslikheid vir Suid-Afrika;

   - ◦ Navorsing oor brandpunte soos plaasaanvalle of infrastruktuurverval, as simptome van die dieper krisis;
   - ◦ Navorsing oor die grondliggende krisis van ’n gesentraliseerde stelsel;
   - ◦ Studies oor praktiese meganismes soos hoe belastingprotes wettig aangewend kan word.

2. **Plaaslike steunwerwing ten gunste van ’n meer lewensvatbare politieke orde**

   Dit behels die vestiging van tasbare steun binne Suid-Afrika, veral onder die verskeie gemeenskappe wat selfbestuur nastreef of ervaar dat die huidige stelsel hulle faal.

   **Voorbeelde:**

   - ◦ Steunwerwing onder Afrikaners as vertrekpunt;
   - ◦ Steunwerwing onder meningsvormers wat deur uiteenlopende gemeenskappe gevolg word;
   - ◦ Steunwerwing onder gerespekteerde leiers in verskillende gemeenskappe vir die gevolgtrekking dat Suid-Afrika se politieke stelsel gedesentraliseer moet word.

3. **Die bevordering van internasionale bewustheid en erkenning**

   Dit behels die verspreiding van geloofwaardige, goed gedokumenteerde inligting aan sleutelspelers wêreldwyd.

   **Voorbeelde:**

- Skakeling met regerings, navorsingsinstellings, drukgroepe, media en alternatiewe media-leiers;
- Publieke standpuntinname in die buiteland deur vergaderings, konferensies en media-optredes;
- Die omskep van simpatie in diplomatieke druk en daadwerklike steun.

**4. Die omskakeling van steun in praktiese aksie**

Dit behels die implementering van aksies gebaseer op plaaslike en internasionale steun, in lyn met die drievoudige benadering in die missiestelling.

**Voorbeelde:**

- Die organisering van byeenkomste binne en buite Suid-Afrika om idees en samewerking te bevorder;
- Die koördinering van vrywilligers om in hul eie gemeenskappe op ’n georganiseerde wyse waarde toe te voeg;
- Die uitvoer van strategiese aksies, insluitend geloofwaardige en wettige belastingprotes.

**5. Die skep van onmisbare de facto-werklikhede in Suid-Afrika**


Dit behels die bevordering van situasies waarin gemeenskappe werklik beheer oor hul eie sake neem – op maniere wat nie geïgnoreer of gestuit kan word nie. ’n Belangrike rol van Lex Libertas is om bestaande instellings wat reeds hieraan werk, te versterk en ondersteun.

**Voorbeelde:**

- Ondernemings wat hulleself teen staatsverval bestand maak;
- Gemeenskappe wat hul eie veiligheidstrukture bedryf;
- Samewerking tussen gemeenskappe.

## LEX LIBERTAS AANDRYFWIEL

*Namate hierdie vyf komponente mekaar versterk en momentum opbou, raak dit moontlik om tasbare vordering te maak in die rigting van ’n volhoubare politieke bestel waarin gemeenskappe hul eie toekoms vorm - binne die raamwerk van verantwoordelikheid, reg en geregtigheid.*




# 13 STRUKTUUR

Lex Libertas se struktuur kan op drie vlakke van betrokkenheid beskryf word:

- **’n Kerngroep persone wat voltyds betrokke is:** Dit verwys hoofsaaklik na die personeel en konsultante wat meestal op ’n voltydse basis werk om die strategiese doelwitte van Lex Libertas te bevorder.
- **’n Groterwordende groep persone wat deeltyds betrokke is:** Dit sluit die direksie, die adviespaneel en persone wat by die Lex Libertas-klub betrokke is, in. Hierdie groep speel ’n aanvullende rol en ondersteun die kernspan.
- **’n Breër groep ondersteuners:** Dit is persone wat nie aktief as vrywilligers betrokke is nie, maar wel deur gereelde finansiële bydraes die werk van Lex Libertas moontlik maak.

## STRUKTUUR




Teen hierdie agtergrond kan die volgende oor spesifieke strukture gesê word:

- **Direksie:** Die direksie dra die oorhoofse verantwoordelikheid vir die instelling. Hulle is nie operasioneel betrokke nie, maar hou toesig om te verseker dat Lex Libertas verantwoordelik bestuur word en dat hulpbronne wettig en doeltreffend aangewend word.
- **Adviespaneel:** Die adviespaneel is ’n informele liggaam van rolspelers met unieke kennis en ervaring wat verband hou met die werk van Lex Libertas. Hulle bied insette en advies aan die uitvoerende bestuur oor strategiese kwessies.
- **Personeel:** Die personeel is verantwoordelik vir die daaglikse funksionering van die instelling.
- **Lex Libertas-klub:** Die klub bied ’n platform waardeur bydraers op ’n vrywillige basis meer aktief betrokke kan raak by die werk van die organisasie. Voorbeelde van moontlike aksies sluit in:
    - Die organisering van funksies en byeenkomste;
    - Die koördinering van deelname aan nasionale en internasionale aksies;
    - Insette rakende beleidsdokumente, vertrekpunte en die strategiese raamwerk;

- Die insameling van inligting wat vir Lex Libertas van waarde is;
- Die aanbied en koördinering van opleiding;
- Petisies en ander vorme van steunwerwing.

# 14 FINANSIËLE STRATEGIE

Lex Libertas se finansiële strategie rus op verskeie pilare wat volhoubaarheid en groei moontlik maak:

1. **Werwing van bydraers:** Die organisasie is hoofsaaklik afhanklik van bydraes van die publiek, plaaslik sowel as internasionaal. Persone kan maandelikse of jaarlikse skenkings maak, of eenmalige bydraes via die webblad. Om as bydraer aan te sluit, is die belangrikste manier om Lex Libertas se werk te ondersteun.

2. **Donateurskap:** Benewens algemene bydraers is strategiese donateurs van kardinale belang om groter projekte, navorsing en uitbreiding te befonds. Hierdie donateurs verskaf groter, gerigte steun.

3. **Digitale blootstelling:** Sosiale media speel ’n deurslaggewende rol in die kommunikasiestrategie van Lex Libertas. Alhoewel monetisering nie die primêre doel is nie, bied dit ’n bykomende inkomstestroom. Dit dra ook daartoe by om die handelsmerk te vestig en internasionale betrokkenheid aan te moedig.

# 15 SAMEVATTING

Hierdie besigheidsplan dien as vertrekpunt om Lex Libertas vanaf sy stigting, deur die vestigingsfase, tot volhoubaarheid te lei. Die fokus is daarop om die visie van die instelling te bevorder deur gesonde bestuursbeginsels, volhoubare inkomstestrome en strategiese groei In die lig van die feit dat die instelling nog in sy vestigingsfase is moet benadruk word dat al die strategiese doelwitte weens kapasiteitsbeperkings nie tegelykertyd bevorder kan word nie. Oorhoofs kan gesê word dat twee kerndoelwitte gedurende die vestigingsfaste nagestreef word:

1. **Interne kerndoelwit:**
   Dat Lex Libertas finansieel selfstandig funksioneer. Dit vereis die skepping van verskeie inkomstestrome, met maandelikse bydraers as die belangrikste. Die minimum mikpunt is 2 500 maandelikse bydraers wat elkeen ’n bydrae lewer volgens eie vermoë.

2. **Eksterne kerndoelwit:**
   Dat die uitgangspunte van desentralisering en selfregering op ’n meetbare wyse gelegitimeer word. Dit beteken dat invloedryke rolspelers binne en buite Suid-Afrika toenemend in die openbaar standpunt moet inneem ten gunste van hierdie beginsels. Daarby moet publieke sentiment meetbaar skuif in die rigting van groter outonomie vir gemeenskappe.

Bykomende dokumente sal uitbrei oor die presiese meetbaarheid en implementering van hierdie doelwitte.

---

EINDE VAN BESIGHEIDSPLAN
SIEN AANGEHEGDE BYLAAG: MODELLE VIR OUTONOMIE

# LEX LIBERTAS
# BESIGHEIDSPLAN

besoek lexlibertas.org.za | info@lexlibertas.org.

LEX
LIBERTAS

# BYLAAG: MODELLE VIR OUTONOMIE

Die argument dat kritiek op die bestaande politieke bedeling op ’n argument vir ’n terugkeer na die verlede neerkom, kan eenvoudig beantwoord word deur na ’n verskeidenheid internasionale modelle te verwys. Die werklikheid is dat daar talle voorbeelde wêreldwyd bestaan waar politieke gesag gedesentraliseer word deur die erkenning van groepsdinamika en die toepassing van die beginsel van outonomie.

Hierdie modelle - en hul praktiese toepaslikheid vir die Suid-Afrikaanse konteks - verg verdere ondersoek. Hierdie bylaag moet dus as inleidende kommentaar gesien word, eerder as ’n finale of beslissende standpunt. Elke model bied unieke voordele en nadele, wat afhang van die mate waarin dit in die Suid-Afrikaanse konteks haalbaar is. Dit is dus belangrik om te beklemtoon dat nie al die modelle ewe wenslik, uitvoerbaar of doeltreffend is nie. Verdere navorsing is noodsaaklik om hul toepaslikheid te bepaal.

Lex Libertas onderskei die volgende kategorieë van modelle, met die erkenning dat daar oorvleueling tussen hierdie kategorieë bestaan en dat kombinasies in die praktyk toegepas kan word:

## 01 ERKENNING VAN GROEPSDINAMIKA EN BESKERMING VAN MINDERHEIDSREGTE

Hierdie model aanvaar dat moderne state dikwels uit verskillende kulturele, taalkundige of godsdienstige groepe bestaan. In plaas daarvan om almal onder eenvormige beleid te dwing, behoort verskille erken en grondwetlik beskerm te word - insluitend die reg van gemeenskappe om hul taal, identiteit en instellings te behou.

Voorbeelde:

- Kanada: Franse taal- en kultuurregte in Quebec.
- Switserland: Vier amptelike tale en kantonale outonomie.

## 02 FEDERALISME

Federalisme behels die verdeling van gesag tussen ’n sentrale regering en deelstate of provinsies, elk met eie wetgewende en uitvoerende bevoegdhede. Daar is verskillende variasies, insluitend asimmetriese federalisme, waar sekere streke meer bevoegdhede het as ander.

Voorbeelde:

- Duitsland: Bundesländer met gesag oor onderwys, polisie en kultuur.
- VSA: State met eie grondwette en wetgewing.
- Switserland: Kantons met uitgebreide selfregering.

Voorbeelde van Asimmetriese Federalisme:

- Spanje: Katalonië en die Baskiese streek het spesiale bevoegdhede.
- Indië: Jammu en Kasjmir (voor 2019) het ’n spesiale status gehad.
- Rusland: Republieke soos Tatarstan het addisionele selfregering.

## 03 KONFEDERALISME

Konfederalisme is ’n losser vorm van samewerking as federalisme. Lidstate behou grootliks hul soewereiniteit, terwyl die sentrale gesag beperk bly tot funksies wat gesamentlik ooreengekom word.

Voorbeelde:

- Switserland (histories): Oorspronklik as konfederasie gevorm.
- Europese Unie: Elemente van konfederalisme tussen lidlande.
- Afrika-unie: Los struktuur met beperkte sentrale bevoegdhede.

## 04 KULTURELE OUTONOMIE

Kulturele outonomie gee groepe die reg om hul taal, onderwys en kultuur te bestuur, selfs al woon hulle verspreid oor ’n groter gebied. Dit is nie afhanklik van geografiese grense nie.

Voorbeelde:

- Hongaarse minderhede in Slowakye, Roemenië en Oekraïne.
- Estland en Letland: Selfbestuur vir Russiese minderhede.

## 05 TERRITORIALE OUTONOMIE

Hierdie model ken ’n bepaalde gebied aan ’n gemeenskap toe vir selfregering binne ’n bestaande staat. Dit kan eie wetgewing, onderwysstelsels en selfs sekuriteitsdienste insluit.

Voorbeelde:

- Åland-eilande (Finland): Sweedssprekende streek met eie parlement.
- Suid-Tirool (Italië): Duits-sprekende minderheid met uitgebreide outonomie.
- Nunavut (Kanada): Inuit-gemeenskap met eie regering.

## 06 BALKANISERING (SESSESSIE)

Balkanisering verwys na die opbreek van ’n staat in kleiner onafhanklike of selfregerende entiteite, dikwels op etniese of kulturele gronde. Hoewel dit soms as negatief gesien word, kan dit in sekere gevalle vreedsame oplossings bied.

Voorbeelde:

- Tsjegoslowakye (1993): Verdeeld in Tsjeggië en Slowakye.
- Joego-Slawië: Verskeie onafhanklike state ná konflik.
- Sowjetunie: Ontbinding in republieke soos Estland, Georgië, Oekraïne.

## 07 INSTITUSIONELE SELFBESTUUR

Hierdie model berus op selfbestuur deur instellings eerder as deur geografiese afbakening. Groepe bestuur hul eie skole, media, werkersinstellings en kerklike strukture - selfs binne dieselfde gebied.

Voorbeelde:

- Nederland (verzuiling): Katolieke, Protestante en sekulêre instellings parallel.
- Ottomaanse Ryk: “Millet”-stelsel vir godsdienstige gemeenskappe.

## 08 SPESIALE STREEKS- OF STEDELIKE STATUS

Sekere stede of streke ontvang unieke grondwetlike status weens hul demografie, geskiedenis of strategiese belang - sonder volle outonomie.

Voorbeelde:

- Hongkong: “Een land, twee stelsels” (voor 2020).
- Brussel: Tweetalige streek met unieke status in België.
- Jerusalem: Voorstelle vir gesamentlike internasionale administrasie.

---

EINDE VAN BYLAAG

LEX LIBERTAS